PREDIKANT:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

13 Januarie 2019

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE, VOORSTELLE OF KOMMENTAAR:
https://goo.gl/WFtT3F

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM DRINK GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE SAAM MET ONS NA DIE DIENS IN DIE SAAL

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS
dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte**: 2 Korintiërs 13:13*
***Fokusvers**: 2 Korintiërs 13:13*
***Tema:** Ek glo in God!*

17:00 JEUGDIENS
dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte:** 1 Johannes 1: 1 - 4*
***Fokusverse:** 1 Johannes 1: 1 - 4*
***Tema:** Kenmerke van 'n wedergeborene.*

18:30 AANDDIENS
Prop. Ruan Steyn
***Skrifgedeelte:** Johannes 8: 1 - 11*
***Fokusvers:** Johannes 8: 11*
***Tema:** Om by Christus te bly staan!*

GEBEDSLYS

Ons dra die volgende lidmate op in gebed:
Lidmate wat kankerbehandeling ontvang:
Hanlie Buys, Hettie Viljoen, Corrie Deenick, Erika Buma en Hermien Venter

Lidmate wat ongesteld is:
Rut Bakker is by die Linmed opgeneem vir observasie.
Corrie van den Berg moet vir opvolg ondersoeke gaan na 'n operasie.
Ria Nel ervaar ongemak nadat sy geval het.
Pieter Classen moet Maandag hospitaal toe vir 'n prosedure en opvolgondersoeke na 'n operasie.

Ons is dankbaar saam met…
Walter en Erika Buma se eerste kleinkind is Maandag in Vietnam gebore - Adri en Julie Goede se eerste agterkleinkind. Baie geluk!

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al dieuitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

Diens van Barmhartigheid

Teologiese bib fonds

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA

TJEK REK : 220 340 333

VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

PALMS NUWEJAARSFUNKSIE
16 JANUARIE 2019
09:30

Gaskunstenaar: Yoti die Griekse Boertjie

Allle lidmate 60 jaar en ouer word hartlik uitgenooi om die oggend saam te kom geniet.

Name moet asb. by Donsie Kruger 084 627 2393 of Ina Bolt 084 339 1136 opgegee word.

BERADINGSKLINIEK

Berading met dr. Vorster begin weer Woensdag 16 Januarie.
Om afsprake te bevestig of om afsprake te maak kan Mieke van Kaam op 082 337 5054 of Ina Bolt op 084 339 1136 gekontak word.

VRYDAE BYBELSTUDIES

Bybelstudies met Braam begin weer eerskomende Vrydag, 18 Januarie om 09:00 in die konsistorie.

Almal baie welkom!

HULPBRON VIR BYBELSTUDIE 2019

Die jaartema vir 2019 is "Wie is ek" .

Ons gaan hierdie jaar daarop fokus oor hoe om "volkome ontwikkelde dissipels" te word.

Die boek "DIE PROFIEL VAN 'N CHRISTELIKE LEWE" geskryf deur Randy Frazee is 'n handige hulpbron wat regdeur die jaar gebruik kan word. Daar is 'n vraelys in die boek wat jou sal help om die areas te ontdek waarin jy die sterkste is, asook die areas waarin jy nog moet groei in jou Christelike lewe.

Die doelwit is dat jy 'n spesifieke area teiken wat jy wil ontwikkel op jou geestelike reis.

Die wyksleiers wat weekliks byeenkom het reeds boeke vir lidmate in hul wyke bestel. Lidmate wat nie by wyksbyeenkomste betrokke is nie en graag 'n boek wil bestel, kan Ronel Ritchie op 081 218 3048 kontak.

ROOMYS -, BOTTER - EN JOGURT BAKKIES

Belvedere Skool se voedingskema maak 2L bakkies bymekaar om vir die minder bevoorregte kinders kosbakkies huis toe te stuur.
Bring asb. skoon 2L roomys, botter en yogurt bakkies met deksels saam en los dit by die kombuis.
Lynette Wigget sal dit daar afhaal en na die skool toe neem.

Lynette Wigget kan gekontak word op 084 350 7764

20 JANUARIE 2019

BEVESTIGING EN INTREEPREEK VAN ds. RYNHARDT PRETORIUS.

ds. Rynhardt Pretorius, sy vrou Marelize en Rodé

Bevestiging van en intreepreek van ds. Rynhardt Pretorius vind DV 20 Januarie om 09:00 hier by ons plaas, waarna daar gesellig gekuier gaan word met vingerhappies en tee/ koffie na die diens.

As jy kan help met die voorbereiding van die eetgoed, 'n skenking wil maak en/of kan help met die gereedmaak en opruim van die terrein, skakel asb vir Donsie Krüger op 084 627 2393 om te laat weet hoe jy jou gawes kan inspan op / voor die dag.

Vele hande maak ligte werk!!!

SMS GEBEDSGROEP:

Om gebedsversoeke te rig of per sms te ontvang stuur asb. 'n sms met die woord "gebedsgroep" na

Donsie Krüger ☎ 084 627 2393

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 13 - 20 Januarie			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens &Katkisasie opening (alle gr 1 tot 11) Jeugdiens & Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:00	Koördneringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	09:30	Palms nuwejaarsfees	Ina Bolt 084 339 1136
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Sondag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & Katkisasie gr 1 - 8 Jeugdiens & Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	

VERJAARSDAE 13 - 18 Januarie 2019

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
13/01	Joey Bianchina * Duwayne Hector Lennard Marchand ☺ Ina van Eeden Ilse Watt Lynette Wigget	083 254 7323 082 324 1432 084 350 7764
14/01	Stephan Vermaak ☺	
15/01	Ruben Coetzee ☺ Gideon Pienaar ** Vasti Wessels	 084 882 7258
17/01	Henny Bolt ** Coetzee Bornman ☺ Zanlie Calitz Babsie Marais **	084 581 5385 076 501 1977
18/01	Kayleigh Holl ☺ Kaitlyn-Ann Salomons ☺	
18/01	Nerine van Dyk Adélle von Vollenhoven	083 440 2634 087 894 1903

GK BENONI ATTESTAATNUUS

Hartlik welkom aan die volgende wat by ons aansluit met attestate: Stephan & Sanmarie Rossouw en 2 dooplidmate Inge & Anke.

Gemeenskap opgesê: Trevor Kruger

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Piet Bateman
Volgende week	Harry Salomons
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk A2
27 Februarie	Wyk A3

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer 28 November 2018 se antwoord: Rut 2:4
" Die twee seuns het later getrou met die Moabitiese meisies Orpa en Rut. Naomi en haar twee seuns het omtrent **tien** jaar in Moab gebly".

Die volgende lesers het korrekte antwoorde ingestuur: Jan Lubbe; Steffie Flies; Una Steyn; Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Arina Sterkenburg; Klein de Kock; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers 13 Januarie 2019
" 'n Rukkie hierna is vir Josef gesê sy pa is siek. Toe vat Josef sy twee seuns ??????? en ?????? saam. Daar is aan Jakob gesê: " U seun Josef het na u toe gekom".

Vraag: Wat was Josef se twee seuns se name?
Lees gerus Genesis en noem Josef se twee seuns en verskaf die verse waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

SUSTERSAAMTREK 2019

Wanneer: 9 Maart 2019
Plek: Gereformeerde Kerk Brakpan
Spreker: Susan Coetzer
Koste: R190 per persoon

Daar is slegs plek vir 300 Dames !
RSVP voor of op 1 Feb 2019 by:
Christeen 082 880 4917 / christeenvj@gmail.com
As gevolg van die bepekte spasie vra ons asb dat u die getalle sal deurgee met bewys van betaling, "first come first serve".

Bankbesonderhede:
Rek naam - Geref Susters Brakpan
ABSA - Tjek Rek - nr 249340308
Tak kode - 632005
U verwysing - Kerk naam en getalle

2019 KALENDER BYVOEGING:

VRYDAG, 10 Mei sal daar 'n manne-aand wees.

Tyd om nog bevestig te word.

Barend Le Grange gaan die manne toespreek

KOLLEKTES

Kollektes van 6 Januarie:

Diens van Barmhartigheid	R	4896
Pro Eclessia beursfonds:	R	2274

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke - Diens van barmhartigheid

Deurkollekte: Teologiese biblioteekfonds

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie.
Deuteronomium 31:8

INLIGTING VANAF DIE JEUGDEPUTATE

Bybelplasingstoer na Malawi in Junie 2019 Die Jeugdeputate nooi alle hoërskoolleerders en studente van regoor die land uit om saam Malawi toe te gaan. Ons gaan Bybels uitdeel, oor dissipelskap saampraat en groot pret hê! Ons vertrek 23 Junie vanaf GK Pretoria-Alkantrant en sal die 4de Julie terugkeer. Verblyf is in tente by Monkey Bay in Malawi. Die koste is R4000 per persoon. 'n R2000-deposito in Februarie sal jou plek verseker! Moenie hierdie opwindende geleentheid misloop nie! Besoek www.gkjeug.co.za vir meer inligting, of skakel Reynold Fourie (084 707 6276) of Zak Scholtz (079 885 4206)

BYBELLANDTOER MEI 2019! GRIEKELAND EN GRIEKSE EILANDE!

Kom toer saam met my en loop op Paulus se voetspore in Griekeland! Ons vertrek DV op 4 Mei 2019 en keer weer terug op 15 Mei. Griekeland is 'n baie belangrike Bybelland – die heel eerste Europese land waar 'n Christelike kerk gestig is. Die Tessalonisense, Filippense en Korintiërs het almal in Griekeland gewoon en Paulus se reise in Griekeland word ook in die boek Handelinge beskryf.
Ons besoek onder andere Tessalonika, Filippi, Berea, Meteora, Athene en Korinte waar die Bybelgeskiedenis vir ons baie werklik word! Die toer sluit ook 'n luukse bootrit van 3 dae in en ons besoek onder andere die eilande Patmos (waar Johannes die Openbaringboek geskryf het), Kreta (waar Titus die dominee was) en die beroemde Santorini.
Die toer is propvol Bybelse geskiedenis, kulturele ervarings en asemrowende natuurtonele.
Die koste beloop ongeveer R 48 000 per persoon wat deel (@ R 16 per Euro). Kontak my by mvanrhyn@telkomsa.net of 082 858 0538 vir 'n volledige toerprogram en kosteberaming.
Groete,
Malan van Rhyn.